Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

18 Oktober 2020

09:00

Jy is altyd welkom

Ds. Riekie Wilken

Wanneer mure nie val nie… 'n vasgryp aan die beloftes van God (Josua 6:1-16,20).

Geen kategeseskool vir die juniors vandag. Die seniors en belydenisgroepe kom om 09:00 in die saal bymekaar!

AS HUISGESIN VAN GOD...

…WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.

Deurry Kosfees

Ons verkoop lekker kos op **Vrydagaand 6 November**. Daar sal vetkoek, kerrie en rys, pannekoek, gebraaide sosaties, wors, maalvleis, verskeie poedings en snye koek beskikbaar wees. *Kry jou bestellys by die kantoor of tik die skakel https://forms.gle/Y9ukUCo1Lk9EjV6aA op jou foon/rekenaar. Indien jy kan help met die maak, verpak of verkoop van produkte, laat weet asseblief vir Betsie.*

Eredienste

Ons is baie opgewonde oor die eredienste wat weer by die kerk plaasvind. Dis heerlik om mekaar weer in die oë te kan kyk.

- Reëlings vir erediens bywoning:
  - Erediens sal om 9:00 plaasvind. **Kom bietjie vroeër om in te teken**.
  - Daar is steeds 'n beperking op die hoeveelheid lidmate wat die diens kan bywoon, maar moet nie bevrees wees dat jy nie plek gaan kry nie, kom asseblief! Daar sal streng aan COVID-19 regulasies voldoen word. (bv. toets vir temperatuur en dra van maskers)
  - Onthou om steeds **elke week** jou plek vir die komende Sondag se erediens te bespreek by Betsie (0614703626).
  - Almal is steeds welkom!

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no: **114 289 5416,**
Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

Deurkollekte

Die deuroffer op 11/10 was **R469** vir Tuinedal gemeentefonds, **baie dankie**!
Deurkollekte vandag: Noodvoeding

"U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskryf nog voordat ek gebore is."
– Psalm 139:16

Almanak 2021

2021 kan eenvoudig net beter wees as 2020! Die toekoms begin **NOU**! Bring jou R325, 'n spesiale Bybelvers en kom wees deel van volgende jaar se almanak. OF bring jou R875 en 'n advertensie van jou besigheid (of iemand anders wat jy wil help, deur hulle te bemark), dan tree ons saam die toekoms in.

Tiendemaand Dankoffer

Die kerkraad se amptelike standpunt oor maandelikse bydraes is soos volg: "**'n Tiende** is 10% van ons inkomste wiskundig bereken, ongeag wat ons inkomste is. Die Skrif is baie duidelik dat die tiende aan die Here behoort en nie aan onsself nie. Ons is doodgewoon aangestel om dit te administreer en te sorg dat dit by die plek in die koninkryk aangewend word soos die Here ons lei. Indien ons die tiende vir onsself hou, steel ons van die Here.

'n Dankoffer is *bo en behalwe* my tiende. Dit gee ek om vir Hom dankie te sê vir sy guns en goedheid. *Ons doen dit gewoonlik in Oktober met die tiendemaand dankoffer-koeverte.*

'n Geloofsoffer is om bo en behalwe tiendes en dankoffers vir die werk van die Here te gee. Dit is byvoorbeeld om 'n bepaalde bedrag te gee uit die geld wat oorbly nadat ons 'n tiende gegee het sodat die werk in die koninkryk nog vinniger
gedoen kan word."

Ons moedig jou dus aan om jou **Tiendemaand Dankoffer elektronies** oor te betaal en dit spesifiek te merk "Tiendemaand". Jy kan ook 'n koevert by die kantoor of op die tafel waar jy inteken by die kerk kry en dan jou bydrae so tydens die erediens ingee. **Ons totaal reeds ontvang: R1 300**

Kospakkies

Ons is baie dankbaar vir Anton le Roux-vervoer wat ons gehelp het om 10 bokse vol kospakkies uit die Kaap te vervoer na George. ***Ons deel weer hierdie week kospakkies uit***, dankie vir elkeen wat bydraes maak!

Help ander, help mekaar!

By ons Deurry Kosfees, verkoop ons maalvleis en wors. Ons wil al die vleis wat na die fees oorbly, vir ons noodvoedingprojek skenk. *Help ons om dit te kan doen, deur* ***'n pakkie maalvleis te borg of by te dra tot die bees se aankoop en verwerkingskoste***. (EFT of Kontant by die kantoor, verwysing: Kospakkie/Bees)

Pannekoekstalletjie by die Boerevintage-geskenkemark

Die Desembervakansie kruip elke dag nader en ons gaan weer heerlike, GROOT pannekoeke bak. Vir 11 dae, het ons 2 spanne (9 persone per span) per dag nodig, om dit 'n werklikheid te maak. Kyk solank na jou kalender. **Meld sommer nou al by die kantoor aan** met tye wanneer en hoe jy kan help (bakkers, rollers, verkopers, *runners*). Jy kan ook met bestanddele en kontant help om die doelwit te bereik. En al doen jy jou deel fisies, kan jy sommer nou al **begin bid** dat die regte hande en baie voete sal kom na die mark.

Datum: 10 – 22 Desember (**Sondae uitgesluit**)

Tyd: 09:00 – 18:00

Plek: Redberry-aarbeiplaas
te Geelhoutboom

Ons benodig JOU hulp.

Vir die komende Deurry Kosfees wil ons **almal aanmoedig** om deel te neem. Jy kan help deur daar te wees op die aand, vooraf te help produkte maak of bestanddele te skenk. Ons kort nog: koekmeel, eiers, kookolie, bakpoeier, rys, jellie, vla en melk. Jy kan ook kontant skenk vir die aankoop van hierdie produkte.
Wees deel van die fees!

Baie welkom!!!

Ons wil graag aan Chris & Rietha Eksteen (Dor7) en Freddie & Jeanita Nortje (PA3) baie welkom heet in ons gemeente. Mag julle vinnig 'n tuiste vind hier in Tuinedal en deel word van ons Huisgesin!

Kerkkantoor nuus

Ds Pieter is tans met verlof tot die 2de November.
Betsie is met verlof vanaf 23 - 30 Oktober.
Die kantoor is dus gesluit vir hierdie tyd. Gedurende die tyd kan Koos geskakel word vir enige dringende sake. Jy kan wel steeds vir die kantoorselfoon (061 470 3626) whatsapp's of sms'e stuur met gebedsversoeke.

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ...vir ons **skoolkinders** en die hele skoolsisteem. Vir pragmatiese oplossings en die vermoë om aan te pas by die nuwe normaal.
- ... vir die **leierskap en kerkraad** van Tuinedal. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. Vir onderkeidingsvermoeë en waagmoed om besluite te neem en deur te voer. *Vir die huidige onderhandeling met Laerskool George-Suid en die gesamentlike Taakspan met George-Suid.*
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van 'n teenmiddel en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir die **ekonomiese klimaat** in ons land, verantwoordelike rentmeesterskap, etiese leierskap en goeie finansiële bestuur.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

Siekes en ongesteldes in ons gemeente: **Ross Broster** (hospitaal, longe), **George Delport** (kanker), **Bokkie Coertse** (rug), **Elmarie Bergh** (kanker), **Johan Kotze** (rug), **Peet Henning** (knievervanging), **Thys de Beer** (kanker), **Anelda Jacobs** (14) (kanker) en almal wat herstel na kankerbehandeling.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Vandag 18 Oktober **Japie Steenkamp** 0794920897 BW8 & **Aletta Kritzinger** 0767720097 Dor7

Maandag 19 Oktober **Marésa Viljoen** 0824453579 Dor3, **Nehoff Maree** 0814010931 K2 & **Gertie Prinsloo** 0793185952 Dor2

Dinsdag 20 Oktober **Ruben van Rooyen** BW1, **Stephanie van der Merwe** 0834534228 BW6, **Marlene Jantjies** 0835195896 PA4, **Lo-An-Nel Breytenbach** 0824569494 RR1, **Francois Stander** Bos3 & **Nettie Stander** 0826723681 Bos4

Woensdag 21 Oktober **Johann Kotze** Dor5 **& Adalene du Plessis** 0824554851 Bos2

Donderdag 22 Oktober **Brian Williams** GW1

Saterdag 24 Oktober **Maureen Strydom** BW2

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.